

### My naam staan in die boek van die lewe!

God ken ons deur en deur. Die Bybel vertel dat God so intens by ons lewens betrokke is dat Hy ons name selfs in Sy boek van die lewe opskryf. [Psalm 139:16](#) sê jubelend: "U het my al gesien, toe ek nog ongebore was. Al my lewensdae was in U boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is." Hierdie woorde moet egter nie deterministies verstaan word asof elke liewe mens se lewe in onveranderlike sement gegiet is nie. Hierdie woorde vorm deel van Dawid se belydenis dat ons as gelowiges nie produkte van die noodlot is nie. Ons is die werk van God se hande. In [Psalm 69:29](#) bid die psalmskrywer juis dat goddeloses se name uitgewis sal word uit die boek van die lewe. Hulle name mag nie saam met die regverdiges hierin opgeskryf word nie. Die bedoeling met hierdie boek van die lewe in die Ou Testament is dus om te bevestig dat alle regverdiges se lewens oop en bloot voor die Here is, vanaf geboorte tot dood. Daarom sê [Daniël 12:1](#) die Here sal diegene wie se name in Sy boek van die lewe opgeskryf is, nooit prysgee nie. Hy sal hulle red. [Openbaring 20:11-15](#) bevestig dat God se boek van die lewe by die wederkoms ooggemaak word. Wanneer almal op daardie dag voor God stelling inneem, word daar egter eers 'n klompie ander boeke ooggemaak. Eerstens is daar boeke (meervoud!), waarin al die werke van die onregverdiges opgeteken is. Hulle almal word dadelik in die vuurpoel gegooi. Vervolgens word die boek van die lewe (enkelvoud!) ooggemaak. Hierin staan slegs die name van dié wat in Christus glo, oftewel die regverdiges. Hulle ontvang dadelik die nuwe hemel en die nuwe aarde as erfenis. Kortom, God ken ons óf op ons naam, óf weens al ons dade. As laasgenoemde die geval is, dan het ons moeilikheid, ewige moeilikheid! Maar as Hy ons op ons naam ken, dan het Jesus in ons plek betaal. Dan het Hyself ons naam in die boek van die lewe ingeskryf. Maak seker dat jou naam in die regte boek ingeskryf is. Dit het ewige goeie gevolge.

deur **Stephan Joubert**

### Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

### Voorbidding

- \*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- \*Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- \*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- \*Bid vir mense wat COVID-19 het
- \*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- \*Bid vir Johan Kotze-hy is baie siek- bid vir volle genesing
- \*Bid vir Tannie Marinda Jordaan-bid vir volle genesing
- \*Bid vir Basie Roux-hy het kanker-vir volle genesing
- \*Bid vir Carina Haasbroek-vir volle genesing-sy het kanker
- \*Bid vir Marius vd Westhuizen – hy gaan vir 'n knieg operasie – bid vir die span dokters en vir volle herstel
- \*Bid vir Serge & Nadeleën –bid vir volle genesing
- \*Bid vir Lettie Koekemoer vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Louis Versfeld vir klein operasie en vir genesing

Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.

Openbaring 3:5



### Onthou om te onthou . . .

**Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .**  
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**  
**Rekno.: 0520580654**  
**Takkode: 632005**

### Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



"Wie oorwin, sal beklee word met wit kleren en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele."  
(Openb. 3:5).

### Gedagte vd

Is Your Name Written Down...



Is **JOU NAAM** in JESUS se Boek van die Lewe **OPGESKRYF**??? (Openbaring 20:15)